

DIE STRYD TEEN NIPPON:¹ SUID-AFRIKA EN JAPAN, 1941-1945

André Wessels²

Summary

Much has been written about South Africa's role during World War II, with special reference to the role played by the Union Defence Forces (UDF) in Abyssinia (today Ethiopia), North Africa and Italy, but the country's role in the struggle against Japan has not received much attention. For four years the Union of South Africa was indeed officially at war with Japan. Sixty years after the conflict ended, it is the purpose of this article to shed some light on South Africa's role in the war against Japan (1941-5), in an effort to identify the implications for South Africa (both military and on the home front) of Japan's entry into the war; and to ascertain the extent and nature of South Africa's contribution to the Allied war effort in the bloody struggle against Nippon. The state of the UDF in December 1941 and developments on the South African home front (1941-5) are discussed, as well as the Madagascar campaign, the Japanese submarine campaign in the Indian Ocean, and the role played by South African naval vessels in the Far East.

1. INLEIDING

Op 9 April 1998 het Suid-Afrika se destydse adjunkpresident, Thabo Mbeki, 'n toespraak getiteld: "The African Renaissance, South Africa and the world" aan die United Nations University in Tokio, Japan, gelewer. In hierdie belangwekkende toespraak het hy onder meer verwys na die lesse wat Afrikane by Japannese kan leer (byvoorbeeld ten opsigte van ekonomiese sake) en 'n pleidooi gelewer dat Japannese die leermeesters van Afrikane moet word, en Afrikane moet help om die ideale van die Afrika-Renaissance te verwesenlik.³

Suid-Afrika en Japan: lande wat letterlik aan twee kante van die aarde gesetel is, met bevolkings wie se kulture, tradisies en geskiedenis radikaal verskil. En tog is daar hegte bande tussen die twee lande. Japan se bande met Afrika strek terug tot

¹ Nippon (ook Nipon of Nihon, maar uitgespreek as Nifon) is die Japannese naam vir hul land en beteken grondvesting van die son (ook: sonland) en dus word ook na Japan verwys as die Land (vroeg: Ryk) van die Opkomende Son. Kyk gevolglik ook die Japannese vlag: 'n helder rooi son teen 'n wit agtergrond.

² Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-pos: wesselsa hum@mail.uovs.ac.za

³ A Hadland en J Rantano, *The life and times of Thabo Mbeki* (Rivonia, 1999), pp. 170-83.

die sestiende eeu, maar dit was eers uiteraard na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (toe Japan afgesien het van 'n beleid van imperialisme en militarisme), en veral vanaf 1960 (toe die meeste Afrika-state onafhanklikheid verkry het) dat meer formele betrekkinge aangeknoop is. Hoewel Japan die beleid van apartheid veroordeel het, het hulle nogtans sterk ekonomiese bande met Suid-Afrika bly handhaaf, en slegs selektief sanksies toegepas. In 1988-9 was Japan Suid-Afrika se grootste handelsvennoot en in 2003 het die handel tussen dié twee lande amper R42 miljard beloop: Suid-Afrika het ongeveer R23,7 miljard se produkte na Japan uitgevoer en R18,2 miljard s'n ingevoer.⁴

Bande tussen Suid-Afrika en Japan is nie tot die ekonomiese terrein beperk nie. Op 4 Maart 2005 het die Japan Society for the Promotion of Science (JSPS) en Suid-Afrika se National Research Foundation (NRF) 'n akte van ooreenkoms onderteken ten einde samewerking op wetenskaplike navorsingsgebied tussen die twee lande te bevorder.⁵

Maar betrekkinge tussen Suid-Afrika en Japan was nie altyd vriendskaplik van aard nie. Op 7 Desember 1941 het imperialistiese Japan, sonder enige vooraf waarskuwing, die Verenigde State van Amerika (VSA) se groot vlootbasis te Pearl Harbor in Hawaii aangeval. Met die gevolglike toetrede van die VSA tot die Tweede Wêreldoorlog het hierdie bloedige stryd (wat toe reeds vanaf 1 September 1939 hoofsaaklik in Europa gewoed het) geografies geëskaleer. Die Unie van Suid-Afrika was reeds vanaf 6 September 1939 betrokke by die stryd teen Duitsland (en vanaf 11 Junie 1940 ook teen Italië). Aanvanklik was die Unie glad nie voorbereid op oorlog nie, maar teen Desember 1941 was die Unie-Verdedigingsmagte (UVM) - soos die land se weermag destyds bekend gestaan het - danksy die toegewyde werk wat deur die Eerste Minister, genl. JC Smuts, gedoen is, in 'n gedugte gevegsmasjien omskep wat met groot welslae in Abessinië (vandag Ethiopië) en elders aangewend is, terwyl die Unie se ekonomie by oorlogsomstandighede aangepas en 'n wapennywerheid tot stand gebring is.⁶ Dit is dus nie verrassend nie dat die Unie-regering vinnig op die Japannese uitdaging gereageer en op Dinsdag 9 Desember 1941 'n proklamasie uitgevaardig het waarin die staat van oorlog met Japan, terugwerkend vanaf die vorige dag, aangekondig is.⁷

⁴ Vir meer inligting i.v.m. die betrekkinge tussen Japan en Afrika, kyk die uitstekende werk van T Sono, **Japan and Africa: the evolution and nature of political, economic and human bonds, 1543-1993** (Pretoria, 1993), en veral pp. 311-47 t.o.v. verhoudinge tussen Suid-Afrika en Japan. Kyk ook ABSA, **South Africa's foreign trade** (brojoure, 2004) t.o.v. 2003 se statistiek.

⁵ "International funding and research opportunities", <www.nrf.ac.za>.

⁶ Kyk bv. A Wessels, "Die opbou van die Unie-Verdedigingsmagte in die tydperk September 1939 tot September 1941" en "Die aanwending van die Unie-Verdedigingsmagte in die tydperk September 1939 tot September 1941" in **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis** 19(3), Desember 1994, pp. 1-22 en 20(1), Junie 1995, pp. 1-23.

⁷ **Die Burger**, 10 Desember 1941, p. 1; **The Star**, 10 Desember 1941, p. 2.

Heelwat navorsing is al gedoen omtrent Suid-Afrika se rol tydens die Tweede Wêreldoorlog, insluitende die UVM se rol in Abessinië,⁸ Noord-Afrika,⁹ Italië,¹⁰ in die lug¹¹ en ter see,¹² terwyl die gebeure aan die tuisfront ook al geboekstaaf is.¹³ Tot dusver is egter min oor die Unie se rol in die stryd teen Japan gepubliseer. Presies 60 jaar na afloop van die Tweede Wêreldoorlog is dit dus die doel van hierdie studie om genoemde leemte te vul. Die situasie in Suid-Afrika in die jare 1941-3 word in oënskou geneem ten einde vas te stel welke invloed, indien enige, die oorlog teen Japan plaaslik uitgeoefen het, en die Unie se direkte maar veral indirekte rol op militêre gebied in die stryd teen Nippon word ook kortliks bespreek. Uitgaande van die standpunt dat die Unie noodgedwonge by die oorlog in die Verre Ooste betrek is, sal dus gepoog word om antwoorde op onder meer die volgende vrae te verskaf: Watter implikasie het Japan se toetrede tot die oorlog vir Suid-Afrika ingehou - sowel militêr as wat betref die tuisfront? Wat was die aard en omvang van die Unie se bydrae tot die Geallieerde oorlogspoging teen Japan?

Die slaankrag van die UVM in Desember 1941 sal kortliks geëvalueer word; so ook die gebeure aan die Suid-Afrikaanse tuisfront (1941-5), die Madagaskar-veldtog, die Japannese duikbootaanval in die Indiese Oseaan, en die rol wat Suid-Afrikaanse matrose en vlootvaartuie in die Verre Ooste gespeel het. In die lig van die wêreldwye 60ste herdenking van die einde van die mees omvattende, verwoestende en ingrypende oorlog in die geskiedenis van die mensdom, is dit belangrik dat daar ook opnuut bestek opgeneem sal word van die rol wat die UVM in hierdie oorlog gespeel het en in welke mate die stryd Suid-Afrika beïnvloed het - insluitende die oorlog teen Japan. Hierdie studie sal hopelik ook lig werp op die veranderende verhouding tussen Suid-Afrika en Japan, asook die wyse waarop die inwoners van genoemde lande deur die jare heen op konflik en die gevolge daarvan gereageer het en hoedat probleme oorkom is, al dan nie.

⁸ Kyk bv. N Orpen, *East African and Abyssinian campaigns* (Kaapstad, 1968); C Birkby, *It's a long way to Addis* (Londen, 1943).

⁹ Kyk bv. N Orpen, *War in the desert* (Kaapstad, s.a.).

¹⁰ Kyk bv. N Orpen, *Victory in Italy* (Kaapstad, 1975); WL Fielding, *With the 6th Div.: an account of the 6th South African Armoured Division in World War II* (Pietmaritzburg, 1946).

¹¹ Kyk bv. JA Brown, *Eagles strike: the campaigns of the South African Air Force in Egypt, Cyrenaica, Libya, Tunisia, Tripolitania and Madagascar, 1941-1943* (Kaapstad, 1974).

¹² Kyk bv. LCF Turner et al., *War in the southern oceans* (Kaapstad, 1961).

¹³ Kyk bv. HJ Martin en ND Orpen, *South Africa at war: military and industrial organization and operations in connection with the conduct of war, 1939-1945* (Kaapstad, 1979); J Crwys-Williams, *A country at war 1939-1945: the mood of a nation* (Rivonia, 1992).

2. DIE UVM IN DESEMBER 1941

Die Japannese toetrede tot die Tweede Wêreldoorlog het 'n wesenlike bedreiging vir Suid-Afrika se kwesbare kusgebiede en hawens ingehou. Die land se kusverdediging was ontwerp om beperkte tref-en-trap-aanvalle deur vyandelike kaperskepe en duikbote die hoof te bied, asook beperkte lugaanvalle vanaf vliegdekskepe, en strooptogte vanaf die see deur klein vyandelike eenhede. In die lig van die feit dat Japan vanaf Desember 1941 tot Mei 1942 groot gebiede in die Stille Oseaan en aangrensende gebiede redelik maklik verower het,¹⁴ was ook die Indiese Oseaan en aangrensende gebied nou potensiële teikens van Japannese uitbreiding. Die Japannese het in Desember 1941 immers oor 'n gedugte oorlogsmasjien beskik: ongeveer 1,4 miljoen soldate, 2 400 vliegtuie en (van besondere belang) 'n vloot met onder meer tien slagskepe, agt vliegdekskepe, 18 swaar en 20 ligte kruisers, 108 torpedojaers en 67 duikbote - insluitende talle groot I-klas wat met dwergduikbote of seevliegtuie toegerus is.¹⁵

Hoewel die UVM in die loop van die eerste twee oorlogsjare 'n dramatiese metamorfose ondergaan het, was die land self baie kwesbaar. Teen Desember 1941 is 'n verskeidenheid kus-artilleriekanonne (van 6-ponders tot 9,2-duim (233,5-mm) kanonne) by plekke soos Walvisbaai, Saldanhabaai, Robben-eiland, Kaapstad, Simonstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban geïnstalleer, maar hopeloos te min in getal. Die UVM se lugafweervermoë het selfs meer te wense oorgelaat: daar was feitlik net masjiengewere vir dié doel beskikbaar; moderne lugafweerkannone sou eers in 1942 aankom.¹⁶

Aangesien die UVM nie oor voldoende kanonne beskik het om 'n Japannese aanslag mee af te slaan nie, sou die Suid-Afrikaanse Lugmag (SALM) in Desember 1941 wel weerstand kon bied? Die SALM het sedert September 1939 dramaties gegroei en het omstreeks die tyd toe Japan tot die stryd toegetree het oor 31 204 personeellede beskik, insluitende 4 321 in die Women's Auxiliary Air Force; maar die meeste lede was nog besig met opleiding en slegs 2 074 is operasioneel in die Unie ontplooi. Hoewel die SALM teen September 1941 reeds oor 1 709 vliegtuie beskik het, was daar in Desember 1941 geen gevegeseskaders in die Unie ontplooi nie.¹⁷ Ook die Unie se lugwaartse verdediging het dus veel te wense oorgelaat, en

¹⁴ Kyk bv. C Argyle (samesteller), *Chronology of World War II* (Londen en New York, 1980), pp. 78-95.

¹⁵ I Matanle, *World War II* (Godalming, 1989), p. 112; *Jane's fighting ships* (Londen, 1941), pp. 280-326; *Japanese naval vessels of World War II as seen by U.S. Naval Intelligence* (Poole, 1987), *passim*.

¹⁶ CJ Nöthling (red.), *Ultima ratio regum (the last argument of kings): artillery history of South Africa* (Pretoria, 1987), pp. 345-53, 359, 362; Martin en Orpen, p. 110.

¹⁷ H Potgieter en W Steenkamp, *Aircraft of the South African Air Force* (Kaapstad, 1980), pp. 22-3, 166; Turner et al., p. 109.

seewaarts het dit ook nie juis veel beter gegaan nie. Op 7 Desember 1941 het die land se Verdedigingsmag ter See oor slegs 15 klein duikbootjagvaartuie en 39 klein mynveërs beskik¹⁸ - nie die tipe vaartuie waarmee 'n volskaalse Japannese see-waartse aanslag afgeslaan kon word nie.

Tot en met Desember 1941 het die UVM slegs nodig gehad om noordwaarts te kyk, maar voortaan was daar ook 'n ooswaartse bedreiging. Japannese duikbote het 'n wesenlike gevaar vir Geallieerde skeepvaart in die Indiese Oseaan ingehou en verder was die Unie se hawens en industriële gebiede langs die ooskus besonder kwesbaar. Al wat tussen die Unie en 'n suksesvolle Japannese inval gestaan het, was Suid-Afrika se sterker bondgenote. Frankryk is egter reeds in Junie 1940 verslaan en Brittanje se Royal Navy (RN) was vasgevang in die duikbootoorlog in die Atlantiese Oseaan en in desperate pogings om hul belange in die Indiese subkontinent en in die Verre Ooste te probeer beskerm. Om sake te vererger, het die stryd in Noord-Afrika ook nie na wense verloop nie.

Ver weg van die vernaamste operasionele gebiede, het Suid-Afrika die felle aanslae deur die Spilmoonhdede gespaar gebly, maar indien die Japannese aan die begin van 1942 die Indiese Oseaan doelgerig binnegedring het, sou die Unie grootliks op homself aangewese gewees het. Die land is in meer as een opsig onkant betrap deur Japan se toetrede tot die stryd en sowat drie en 'n half jaar sou verloop alvorens die Unie in 'n posisie sou wees om sy bondgenote aktief militêr teen Japan te ondersteun. Intussen moes die land so goed as moontlik vir 'n Japannese indringing in die Indiese Oseaan voorberei. Aan die tuisfront was daar egter ook bepaalde uitdagings wat die hoof gebied moes word.

3. DIE SUID-AFRIKAANSE TUISFRONT, 1941-5

Nie almal in die Unie het Japan as 'n vyand of gevaar beskou nie. Dr. DF Malan en sy Herenigde Nasionale Party (HNP) het Japanse ekspansionisme probeer regverdig en die Sowjet-Unie (in daardie stadium die Unie se bondgenoot teen Nazi-Duitsland) se kommunisme as Suid-Afrika se grootste bedreiging voorgehou.¹⁹ Smuts het daarin geslaag om 'n toenemende deel van die blanke bevolking agter hom te skaar en deur middel van noodmaatreëls het hy relatiewe vrede en stabiliteit verseker. Gegewe die rassebeleid wat destyds in Suid-Afrika toegepas is, kon "nie-blanke"²⁰ Suid-Afrikaners maklik inspirasie put uit die feit dat die "nie-blanke"

¹⁸ Turner *et al.*, pp. 89, 262-8.

¹⁹ A Paton, *Hofmeyr* (Kaapstad, 1971), p. 277; N Weyl, *Traitor's end: the rise and fall of the communist movement in southern Africa* (Kaapstad, 1970), p. 83; *Die Burger*, 9 Desember 1941, p. 4 (hoofartikel).

²⁰ Wanneer die term "nie-blanke(s)" noodsaaklikerwys gebruik word, word geen negatiewe konnotasie geïmpliseer nie.

Japannese aanvanklik groot oorwinnings oor die blanke koloniale moondhede in die Ooste behaal het, maar oor die algemeen was "nie-blankes" in Suid-Afrika die Geallieerde saak goedgesind²¹ en met verloop van tyd was baie van hulle ook direk of indirek by Suid-Afrika se oorlogspoging (dus ook teen Japan) betrokke.²²

Die Japannese inname van veral Hong Kong (25 Desember 1941) en Singapoer (15 Februarie 1942) het beteken dat die Geallieerdes dringend nuwe hawens en droogdokfasiliteit benodig het. Suid-Afrika het jare lank reeds oor 'n uitstekende hawe-infrastruktuur beskik, met die strategies belangrike droogdok in Durban vir 'n geruime tyd die grootste van sy soort tussen Gibraltar en Singapoer. Vandaar die besluit om ook in Kaapstad 'n groot droogdok te bou (die Sturrock-dok, eers voltooi in 1945),²³ asook 'n kleiner een in Oos-Londen (voltooi 1947). Verder is besluit om 'n nuwe vlootbasis te Salisbury-eiland in Durban te bou (eers voltooi in 1945, nádat die stryd teen Japan beëindig is).²⁴

Sedert 1939 het die getal handelsvaartuie en veral oorlogskepe wat Suid-Afrikaanse hawens besoek het, geweldig toegeneem, en Japan se toetrede het dié tendens versterk; byvoorbeeld, die getal oorlogskipbesoeke aan Durban het gestyg van 16 (1938) tot 192 (1941) tot 313 (1942).²⁵ Die waarde van voorrade wat in Suid-Afrikaanse hawens aan besoekende skepe (alle tipes) verskaf is, het gestyg van £142 209 (1939) tot £5 381 015 (1945).²⁶ Ongeveer 400 konvooe en 'n totaal van by die 50 000 skepe met sowat ses miljoen soldate aan boord het Suid-Afrikaanse hawens in die loop van die oorlog besoek - na en van die Middellandse See (1940-5) sowel as na en van die Verre Ooste (1941-5).²⁷

Die werkswinkels van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS&H) is ingespan om, naas hul gewone werk, ook toerusting vir militêre gebruik te vervaardig, byvoorbeeld 100 trekskuite ("barges") vir gebruik in Indië en 41 motorbote vir gebruik in Burma (vandag Myanmar).²⁸ Ver weg van die vernaamste oorlogsones kon industriële ontwikkeling en vervaardiging ongehinderd in die Unie plaasvind.

²¹ Kyk bv. Department of Historical Papers (Universiteit van die Witwatersrand, Johannesburg), South African Institute for Race Relations Collection, B56.1: "A draft manifesto"; Killie Campbell Africana Library (Durban), GH Nicholls Papers, lêer 48 ("War Debates"): ongetitelde manuskrip (KCM3755), p. 4.

²² Wat "nie-blanke" Suid-Afrikaners se rol in die oorlog betref, kyk bv. LWF Grundlingh, **The participation of South African blacks in the Second World War** (DLitt et Phil, Randse Afrikaanse - nou Johannesburg - Universiteit, 1986).

²³ **Standard Encyclopaedia of Southern Africa** (hierna SESA) 5 (Kaapstad, 1972), p. 427.

²⁴ A Pearson, "Seventy distinguished years: SA Navy's 70th anniversary", **South African Shipping News and Fishing Industry Review** 47(2), April 1992, p. 19.

²⁵ Turner et al., pp. 258-9.

²⁶ SESA 11 (Kaapstad, 1975), p. 513.

²⁷ Martin en Orpen, p. 352; PS Gibson, **Durban's Lady in White: an autobiography** (Northair, 1994), voorste klapperteks; SESA 9 (Kaapstad, 1973), p. 236.

²⁸ SESA 9, p. 236; Martin en Orpen, pp. 134, 326, 350, 352, 355.

Dit was ook waar van die wapenbedryf wat in die loop van die oorlog op die been gebring is en wat deur die stryd teen Japan gestimuleer is. Pantserkarre, 'n verskeidenheid kanonne en groot hoeveelhede ammunisie, handgranate, mortiere en bomme is vervaardig. Die meeste van die ongeveer 300 3,7-duim (94-mm) houwitser, soos ook talle van die 11 323 81-mm mortiere en van die 5 770 pantserkarre, is na Indië uitgevoer, en sommige van die sowat 300 6-ponder tenkafweerkannone na Burma.²⁹ Verder is die 16 Fairmile "B" motorbarkasse ("launches"), wat in 1942-3 in Kaapstad en Knysna vir die RN gebou is, eers in die Persiese Golf ontplooi en later in die Burmese Arakan-front teen die Japannese gebruik.³⁰

Japan se toetrede tot die oorlog het die aanvraag na Suid-Afrikaanse oorlogsprodukte geweldig verhoog. Australië, Nieu-Seeland en Brittanje moes voortaan op hul eie verdedigingsbehoefes konsentreer en kon nie voortgaan om hul bondgenote in die Weste op dieselfde skaal as vroeër te voorsien nie; gevolglik is meer druk op Suid-Afrika geplaas.³¹ Teen die einde van die oorlog het die Unie onder meer ongeveer 32 000 voertuie, meer as 12 miljoen paar skoene en stewels, 5½ miljoen komberse - en 2 435 miljoen sigarette! - aan sy Geallieerde bondgenote verskaf.³²

Hoewel Japan se toetrede die oorlog nader tuis gebring het, was daar by baie Suid-Afrikaners selfs teen die middel van 1942 (toe die Japannese uitbreiding op sy hoogtepunt was en dit gelyk het of niks die Nippon-stoomroller sou kon stuit nie) steeds oënskynlik nie die besef van die gevaar waarin die land verkeer het nie en dat algehele toewyding nodig was om sukses te behaal.³³ Dié situasie het egter geleidelik verander, soos wat die gevolge van die oorlog mense se lewens meer begin raak het. Ten einde op 'n moontlike Japannese bomaanslag voor te berei, is die eerste ware (hoewel nie volkome suksesvolle nie) verdonkering ("black-out") op 9 Junie 1942 gehou,³⁴ iets wat vanaf 16 Junie 1942 elke aand moes gebeur.³⁵ Die regering het onder meer motorvoertuie, hout, ander boumateriaal, rubber, papier en landbougereedskap tot "gekontroleerde goedere" verklaar; 'n tekort aan produkte

²⁹ R Cornwall, "South African armoured car production in World War II", *Militaria* 7(3), 1977, pp. 30-41; Martin en Orpen, pp. 89, 91, 142, 177, 214, 253-4; *SESA* 11, p. 513; Nöthling (red.), pp. 390-1; JvdB Breedt, "Die Suid-Afrikaanse oorlogseconomie gedurende die Tweede Wêreldoorlog", *Militaria* 13(1), 1983, p. 55.

³⁰ ME Bartholomeus, "The Rolls Royce Mk XIV gun", *Simon's Town Historical Society Bulletin* 18(1), Januarie 1994, pp. 32-3.

³¹ E Pienaar, **Enkele ekonomiese aspekte van die voorsiening van krygsvoorrade aan die Unieverdedigingsmagte met spesiale verwysing na die produksie van krygsvoorrade in die Unie van Suid-Afrika gedurende Wêreldoorlog II, 1939 tot 1945** (DComm, Universiteit van Pretoria, 1964), pp. 95-101.

³² Martin en Orpen, p. 355; *SESA* 11, p. 513.

³³ Martin en Orpen, p. 160.

³⁴ *The Natal Mercury*, 11 Junie 1942, p. 6.

³⁵ *Ibid.*, 16 Junie 1942, p. 7; Nöthling (ed.), p. 362.

soos vleis, koring, mielies en suiker het ontstaan (hoofsaaklik omdat soveel van die produkte aan besoekende skepe verskaf is) en die rantsoenering van petrol het beweging ingekort. Ten einde stygende pryse te beteuel, is prysbeheer ingestel.³⁶

Mense het geleidelik besef dat die oorlog 'n prys sou vra, en selfs sommige regeringsondersteuners het begin kla. Die veldtog wat die algemene (hoewel feitlik uitsluitlik blanke) verkiesing van 7 Julie 1943 voorafgegaan het, het hoofsaaklik om die Unie se oorlogsdeelname gewentel, hoewel die rassekwessie uiteraard ook gedebatteer is. Die HNP was hewig gekant teen voortgesette deelname aan die oorlog, veral teen Duitsland. Die verkiesingsuitslag het Smuts en sy Verenigde Party (VP) egter sterker as tevore gelaat, al was dit ietwat kunsmatig.³⁷ Smuts het dus sy posisie gekonsolideer en kon voortgaan om sy land en middele in belang van die Geallieerde oorlogspoging aan te wend, ook teen Japan. Die besluit om teen Duitsland oorlog te verklaar en met dié stryd voort te gaan het sterk reaksie onder baie Afrikaanssprekendes ontlok; dieselfde het nie gebeur ten opsigte van die oorlog teen "nie-blanke" Japan nie.

4. SUID-AFRIKA EN DIE MILITÊRE STRYD TEEN NIPPON, 1941-5

Aanvanklik is die bedreiging wat Japan potensieel vir die Unie ingehou het, so ernstig opgeneem dat die vooraanstaande brig. (later genl.-maj.) WH Evered Poole vanaf Noord-Afrika teruggeroep is om in Mei 1942 die Vestingbevelvoerder by die Kasteel in Kaapstad te word.³⁸ Die moontlikheid van 'n Japannese aanval het afgeneem nadat die VSA 'n deurslaggewende oorwinning te Midway behaal het (4-6 Junie 1942), maar dit was eers nadat die VSA teen die einde van 1942 begin het om die Japannese stelselmatig vanaf die een eiland na die ander in die Stille Oseaan te verdryf, dat die invalsgevaar vir alle praktiese doeleindes verdwyn het. Met die UVM volskaals betrokke by die stryd in Noord-Afrika en later in Italië, sou dit meer as drie jaar duur alvorens die UVM eenhede na die Ooste kon stuur. Gevolglik was die Unie se militêre bydrae tot die stryd teen Japan hoofsaaklik van 'n indirekte aard, met die klem op kusverdediging en die beveiliging van die Kaapse seeroete.

³⁶ Kyk bv. JM Tinley, *South African food and agriculture in World War II* (Stanford, 1954), p. 89 et seq.

³⁷ Kyk bv. JM van den Heever, *Die parlementêre verkiesing van 1943: 'n analise van die faktore wat die verkiesing beïnvloed het* (MA, Universiteit van Pretoria, 1968), *passim*; AJ Posthuma, *Generaal J.C. Smuts en Afrikaner-opposisie 1939-1948* (DLitt et Phil, Universiteit van Suid-Afrika, 1990), pp. 138-75.

³⁸ WM Bisset, "SA and the war against Japan (1941-1945)", *Vlootnuus* 14, September 1995, p. 20. Aangesien die grootste bedreiging nie lank daarna begin afneem het, is Poole egter weer in Augustus 1942 terug na Noord-Afrika. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek (SABW)* 5 (Pretoria, 1987), p. 638.

Nogtans was Suid-Afrikaners van meet af aan in aksie teen Japan. Reg vanaf die uitbreek van die oorlog in 1939, het talle Suid-Afrikaners as vrywilligers by die RN aangesluit. Toe die oorlog in Desember 1941 na die Verre Ooste uitbrei, was daar reeds 'n aantal RN-vaartuie in dié gebied ontplooi en - in 'n desperate poging om Britse gebiede teen die Japannese aanslae te beskerm - is nog meer oorlogskepe via die Kaap na die Ooste gestuur. Onder hulle was die slagskip HMS **Prince of Wales** en die slagkruiser HMS **Repulse**, maar op 10 Desember 1941 is beide aan die ooskus van Maleisië deur vliegtuie gekelder - die skepe het onderskeidelik 325 en 513 matrose aan die dood afgestaan; onder laasgenoemde was 'n Suid-Afrikaner, seeman WD Adamson.³⁹

Vanaf 27 Februarie tot 1 Maart 1942 het die See van Java-slag plaasgevind toe 'n Geallieerde vloottaakmag 'n desperate poging aangewend het om die Japannese inval in Java te voorkom. Die Geallieerdes is verslaan en vervolgens is Java verower. Tydens dié seeslag, op 1 Maart, was 'n Suid-Afrikaner onder diegene wat gesterf het toe die torpedojaer, HMS **Encounter**, deur Japannese skepe gesink is. Met Japan wat die lugoormag bekom het, was Geallieerde vlootvaartuie voortaan maklike teikens. Op Paassondag, 5 April 1941, is die swaar kruisers HMS **Cornwall** (ten minste 23 Suid-Afrikaners onder die 191 dooies) en HMS **Dorsetshire** (16 onder 233 dooies) aan die weskus van Ceylon (vandag Sri Lanka) deur duikbomwerpers gekelder en vier dae later ook die vliegdekskip HMS **Hermes** (16 onder 308 dooies) en die korvet HMS **Hollyhock** (vyf onder 48 dooies), beide aan die ooskus van Ceylon.⁴⁰

In totaal het ongeveer 4 000 Suid-Afrikaners een of ander tyd in die loop van die Tweede Wêreldoorlog as gesekondeerdes in die RN diens gedoen; meer as die helfte van hulle ook in die stryd teen Japan. Teen 23 Mei 1945 was daar steeds 2 737 Suid-Afrikaners in die RN, van wie meer as 2 000 in die Ooste. Hulle het aan boord van alle tipes oorlogskepe diens gedoen en het aan talle gevegte deelgeneem. Die ondervinding wat deur hierdie matrose opgedoen is, was tot voordeel van die na-oorlogse Suid-Afrikaanse vlootmag. Van diegene wat in die RN diens gedoen

³⁹ **Die Burger**, 11 Desember 1941, p. 1; **The Star**, 10 Desember 1941, p. 1; **The South African naval forces 1939-1945** (brosjure; s.l., 1990), geen bladsynommers aangedui nie; M Stephen, **Sea battles in close-up: World War 2** (Londen, 1988), pp. 99-114; Bisset, p. 20; **Naval Digest** 5, Junie 2001, p. 4.

⁴⁰ **The South African naval forces 1939-1945**; D van der Vat, **The Pacific campaign** (Londen, 1992), p. 161; C Salmaggi en A Pallavisini (samestellers), **2194 days: an illustrated chronology of the Second World War** (New York, 1977), pp. 220-1; **Naval Digest** 5, Junie 2001, pp. 2, 8-27; CJ Harris, **War at sea: South African maritime operations during World War II** (Rivonia, 1991), pp. 109-26, 147-53.

het, is ten minste 191 in diens oorlede, insluitende ten minste 67 (35%) wat in die stryd teen Japan omgekom het.⁴¹

Talle Suid-Afrikaners het in ander hoedanighede in die Ooste gedien, insluitende persone wat vroeër reeds by die Britse Leër aangesluit het - byvoorbeeld genl.-maj. ECR ("Bobs") Mansergh wat die 5th Indian Division in Burma aangevoer het. Dan was daar genl.-maj. Kenneth Ray, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Leër, wat hoofingenieur van die Geallieerde South East Asia Command was (1944-5). 'n Totaal van 2 404 Suid-Afrikaners het medaljes ontvang vir diens in die Verre Ooste. En dan was daar die Suid-Afrikaner, Graham Taylor, wat die sinking van die kruiser HMS **Exeter** op 1 Maart 1942 (See van Java-slag) oorleef het, as krygsgevangene na Japan weggevoer is en op 9 Augustus 1945 die atoombom by Nagasaki sien ontplof het!⁴²

Ten einde 'n moontlike Japannese inval die hoof te bied, is die UVM aan die tuisfront geherorganiseer: die Binnelandse Area het uit die Noordelike, Sentrale en Witwatersrand-kommandemente bestaan, met die hoofkwartier in Johannesburg; die Kus-Area het uit die Vestingkommandemente van die Kaap, Outeniqua, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban bestaan, met die hoofkwartier in Kaapstad. Die verdediging van die land se hawens is verbeter en lug- en seepatrollies om die kus het toegeneem. Die Aktiewe Burgermagineenhede wat in die Unie agtergebly het, is as 'n Mobiele Veldmag geherorganiseer, met Ermelo as hoofkwartier.⁴³ In die lig van die nypende mannekragtekort is bruin soldate van die Kaapse Korps toegelaat om in die Kus-Artillerie diens te doen - waar hulle teen Junie 1942 die grootste deel van die kanonbemanning uitgemaak en uitstekende diens gelewer het.⁴⁴ (Smuts het gesê dat indien Japan die Unie sou aanval, hy alle geskikte swart en bruin mense sou bewapen.⁴⁵)

Ten einde die Durban-hawe teen aanvalle deur Japannese dwergduikbote te beskerm, is elektriese kables onder die water by die ingang aangebring, en later ook by die Kaapstadse hawe. Dieptebomwerpers is by Durban, Oos-Londen, Port Elizabeth, Simonstad en Kaapstad geïnstalleer. Saldanhaabaai is as 'n konvooi-

⁴¹ André Wessels Private Dokumentewersameling (Bloemfontein), S.A. Vloot (lêer): WM Bisset – A Wessels, 6 Mei 1992 (brief); WM Bisset, "SA naval personnel seconded to the Royal Navy during the Second World War 1939-1945", *Simon's Town Historical Society Bulletin* 12(2), Julie 1982, pp. 55, 59; **The South African naval forces 1939-1945**.

⁴² Bisset, "SA and the war against Japan", pp. 20-1; "Monitor", Radio Sonder Grense (RSG), 9 Augustus 2005. Taylor het saam met krygsgevangenes van ander nasionaliteite in 'n skeepsverf op 'n eiland, sowat 6 km vanaf Nagasaki, gewerk toe die bom ontplof het.

⁴³ "SA forces in the Second World War", *Militaria* 19(3), 1989, pp. 32-3.

⁴⁴ WM Bisset, "Historical record – 2nd Heavy Battery South Africa Artillery", *Simon's Town Historical Society Bulletin* 18(1), Januarie 1994, pp. 37-8.

⁴⁵ Paton, p. 277.

byeenkomshawe gebruik en 'n beheerde mynveld is gelê om die versamelgebied te beskerm.⁴⁶

'n Groot getal lugafweerkannone is vir die verdediging van die land se hawens bestel en teen September 1942 was 104 3,7-duim (94-mm) kanonne, 104 40-mm kanonne en 60 soekligte by Saldanhabaai, Tafelbaai, Simonstad, Port Elizabeth, Oos-Londen en Durban ontplooi.⁴⁷ Teen Februarie 1942 was daar reeds 2 002 militêre vliegtuie in Suid-Afrika, maar van hulle kon slegs 179 gevegsvliegtuie operasioneel ontplooi word. Aanvanklik is Venturas gebruik om vyandelike duikbote op te spoor en aan te val, maar later is Catalinas van 'n Royal Air Force (RAF)-eskader bekom en in 1945 deur Sunderlands vervang.⁴⁸ Reeds op 1 Junie 1940 is die Joint Air Training Scheme (JATS) van stapel gestuur. Ver weg van vyandelike basisse, was die Suid-Afrikaanse lugruim ideaal geskik vir opleiding. Nadat die oorlog in Europa in die tweede week van Mei 1945 geëindig het, is die JATS voortgesit ten einde nog meer vlieëniers vir die stryd in die Verre Ooste op te lei. Tot en met 31 Desember 1945 het 33 347 vliegtuigbemanningslede by 57 vliegskole onder die JATS gekwalifiseer: 20 800 vir die RAF, 12 221 vir die SALM en 326 vir ander Geallieerde lugmagte.⁴⁹

4.1 Die Madagaskar-veldtog, Mei-November 1942

Nadat die Franse regering op 22 Junie 1940 oorgegee het, is 'n nuwe pro-Nazi regering te Vichy in die suide van Frankryk tot stand gebring. Die meeste Franse kolonies het ook onder Vichy-beheer gekom, insluitende die eiland Madagaskar aan die ooskus van Afrika. Van daar kon die Vichy-Franse (en by implikasie die Spilmoonhede) die handelsroetes om die Kaap na die Rooi See, Persiese Golf, Indië, Verre Ooste en Australië beheer. Vanaf Desember 1941 het die gevaar bestaan dat Madagaskar deur die Japannese beset kon word en daar was aanduidings dat Japannese duikbote in die hawe van Diégo Suarez (vandag Antsiranana) van brandstof en voorrade voorsien is. (Later het dit aan die lig gekom dat Duitsland en Japan 'n ooreenkoms gesluit het waarvolgens Madagaskar onder Japannese beheer sou val. Japan was van plan om die eiland as basis vir operasies vanaf die Kaap tot die Arabiese See te gebruik.⁵⁰)

⁴⁶ "Degaussing, mine disposed and naval fixed defences (other than booms)", *Militaria* 22(1), 1992, pp. 19-26.

⁴⁷ Martin en Orpen, pp. 170-1, 174.

⁴⁸ Potgieter en Steenkamp, pp. 103-4; Brown, p. 355; "SA forces in the Second World War", p. 43.

⁴⁹ WA Dorning, "A concise history of the South African Defence Force (1912-1987)", *Militaria* 17(2), 1987, p. 14; Martin en Orpen, pp. 51, 126, 348; "SA forces in the Second World War", p. 44.

⁵⁰ JA Clayton, "The South African Air Force in the Madagascar campaign", *Krygshistoriese Tydskrif* 9(2), Desember 1992, p. 37; inligting verskaf deur kol. JJ Clayton tydens 'n byeenkoms

Smuts het die Geallieerdes oortuig dat die besetting van Madagaskar deur Geallieerde magte in belang van hul oorlogspoging sou wees. Hoewel die veldtog in die praktyk met die Vichy-magte op die eiland moes afreken, was die besetting eintlik teen die Japannese gemik. Vir die doeleindes van hierdie studie is die fyner besonderhede van die veldtog nie van belang nie.⁵¹ Die Geallieerde inval het as "Operation Ironclad" bekend gestaan. Die UVM het soldate, pantserkarre, artillerie en vliegtuie vir die inval beskikbaar gestel en die hoof Geallieerde taakmag het vanaf 25 Maart tot 8 April 1942 vanaf Durban vertrek.⁵²

Die Geallieerde amfibiese aanslag teen Diégo Suarez het op 5 Mei 'n aanvang geneem en die Franse verdedigers het na hewige gevegte teruggeval. In die nag van 30 April - 1 Mei het Japannese dwergduikbote (kyk onderafdeling 4.2, *infra*, vir meer besonderhede in verband met die teenwoordigheid van Japannese duikbote aan die Ooskus van Afrika) die slagskip HMS **Ramillies** en die olietenskip **British Royalty** in die hawe van Diégo Suarez met torpedo's beskadig. (Die **Ramillies** is na Durban vir herstelwerk.) Intussen het die Geallieerde grondmagte, met lugsteun, die Vichy-magte geleidelik teruggedryf. Op 31 Oktober het 'n Suid-Afrikaanse pantserkarregiment die finale aanslag teen Fianarantsoa gelei en op 5 November 1942 het die Franse oorgegee. Die verdedigers het ten minste 150 dood, 500 gewond en die res van die garnisoen (ongeveer 7 500), gevang verloor, terwyl die Geallieerde gevegsverliese op ten minste 107 dood en 280 gewond te staan gekom het, plus 'n groot aantal wat weens siekte gesterf het. Vier Suid-Afrikaanse soldate is aan siektes dood, terwyl 14 gewond is. Die SALM het drie man verloor: een vlieënier is in aksie dood, 'n ander in 'n ongeluk en 'n derde weens siekte. Die SALM het 401 operasionele vlugte tydens die veldtog onderneem en sewe vliegtuie verloor, insluitende een in aksie.⁵³

Reeds op 13 Mei 1942 het die Duitse vlootopperbevel aan die Japannese voorgestel dat hulle 'n teenaanval moes loods, maar die Japannese het dit nie oorweeg nie en hul neerlaag in die Midway-slag het enige moontlikheid van grootskaalse betrokkenheid in die Indiese Oseaan uitgeskakel.⁵⁴ Deur Madagaskar te verower, het die Geallieerdes verseker dat nóg die Vichy-Franse, nóg die Japannese met

van die Suid-Afrikaanse Krygshistoriese Vereniging, Johannesburg, 12 Maart 1992; Turner *et al.*, pp. 131-2.

⁵¹ Vir meer besonderhede, kyk bv. JEH Grobler, "Die Geallieerde besetting van Madagaskar in 1942, met spesiale verwysing na die rol van die Unieverdedigingsmag in die operasies", *Militaria* 7(4), 1977, pp. 1-18; 8(1), 1978, pp. 39-54; 8(2), 1978, pp. 15-40; 8(3), 1978, pp. 52-72 en 8(4), 1978, pp. 69-78; Brown, pp. 383-400; Turner *et al.*, pp. 131-43; WS Churchill, *The Second World War* 4 (Londen, 1953), pp. 189-202.

⁵² Clayton, pp. 38-9; Grobler 7(4), pp. 4, 8-9.

⁵³ Turner *et al.*, pp. 137, 142; Brown, pp. 388, 400; Grobler 7(4), p. 16; "SA forces in the Second World War", p. 43.

⁵⁴ Turner *et al.*, p. 142.

skeepvaart in die Indiese Oseaan kon inmeng. Buiten vir die gevaar wat veral Duitse duikbote ingehou het, kon toerusting en voorrade dus relatief ongehinderd om die Kaap (en gewoonlik via een of meer Suid-Afrikaanse hawens) na die Midde-Ooste of Middellandse See vervoer word, en met verloop van tyd ook na die Verre Ooste om teen Japan ontplooi te word.

4.2 Die Japannese duikbootveldtog in die Indiese oseaan, Mei-Julie 1942

Aangespoor deur die Duitse vlootopperbevel, het die Japannese vyf groot I-klas duikbote (drie elk toegerus met 'n dwergduikboot en die ander twee elk met 'n seevliegtuig) saam met twee gewapende ondersteuningsvaartuie na die ooskus van Afrika ontplooi, aanvanklik onbewus, en geheel en al onafhanklik van die Geallieerde aanslag teen Madagaskar. Vanaf 5 Junie tot 8 Julie 1942 het die duikbote vanaf Durban tot by die noordelike kant van die Mosambiekkanaal geopereer en 21 Geallieerde vrag skepe gesink, terwyl nog 'n vrag skip deur een van die ondersteuningsvaartuie gekelder is. Van hierdie 22 skepe is 21 binne 1 000 seemyl (1 852 km) van die kus van Suid-Afrika gesink. Die totale tonnemaat van genoemde 21 skepe wat gekelder is, het 94 508 ton beloop, oftewel 10,7% van die tonnemaat van al die skepe wat binne 1 000 seemyl van die Suid-Afrikaanse kus gesink is. In totaal het die Geallieerdes 156 skepe binne 1 000 seemyl van die Unie se kuste verloor - die verliese wat die Japannese hulle toegedien het, het dus 13,5% van die totaal beloop. In die geheel gesien, was 1942 die slegste jaar vir die Geallieerdes in terme van skeepsverliese om die Suid-Afrikaanse kus: 81 skepe (455 756 ton) is gekelder, waarvan die Japannese dus 21 skepe (26%) van 94 508 ton (20,5%) gekelder het. (Slegs drie Duitse duikbote is in die loop van die oorlog binne 1 000 seemyl van die Unie se kus gekelder.) Soos reeds in die vorige onderafdeling aangedui is, het Japannese dwergduikbote vanaf hierdie taakmag die Geallieerde aanvalsmag te Diégo Suarez skade berokken - maar ten minste een van die twee dwergduikbote wat die hawe binnegedring het, het in die loop van die operasie gestrand.⁵⁵ Een van die groot duikbote, **I-30**, is vanaf die Mosambiekkanaal na Duits-besette Frankryk gestuur, waarvandaan dit ongehinderd om die Kaap teruggevaar het, maar op 13 Oktober 1942 'n seemyn naby Singapoer getref en gesink het.⁵⁶

Die moontlikheid bestaan dat die ongeïdentifiseerde vliegtuie wat in die vroeë oggendure van 20 Mei 1942, en weer op 5 Junie en 4 Julie 1942 (en dalk ook by ander geleenthede) oor Durban gevlieg het, een van of beide die twee seevliegtuie was wat aan boord van twee van die Japannese duikbote gedra is. Dit het tot die eerste verdonkering van die stad op 9 Junie 1942 (permanent vanaf 16 Junie) gelei -

⁵⁵ **Ibid.**, pp. 116, 137-41; Martin en Orpen, **South Africa at war**, pp. 179-83.

⁵⁶ Turner **et al.**, p. 140.

soos reeds in onderafdeling 3, **supra**, na verwys is. Plaaslike vissermanne in afgeleë dele van die Transkeise kus het selfs beweer dat "geel mans" in rubberbote aan wal gekom en vars produkte by hulle gekoop het.⁵⁷

In die geheel gesien was die Japannese se kort duikbootveldtog naby Suid-Afrika baie suksesvol, maar dit was te beperk en te kort van duur om enige blywende resultate op te lewer. Dit was dus eintlik 'n geïsoleerde gebeurtenis, en met Madagaskar weldra in Geallieerde hande, was daar nooit weer 'n grootskaalse Japannese duikbootaanval in die gebied nie. Daar was wel drie ander duikboot-episodes waarby Suid-Afrika direk of indirek betrek is. Op 23 Oktober 1943 is 'n Griekse vragskip naby die Mosambiekse kus gekelder, na alle waarskynlikheid deur **I-37** (wat klaarblyklik alleen geopereer het).⁵⁸ Dan was daar **I-8** wat ongesiens om die Kaap na Brest in Duits-besette Frankryk gevaar het om 'n vrag torpedomotors, lugafweerkanonne en ander tegniese toerusting, asook nege Duitse tegnisi, aan boord te neem. Die Geallieerdes was bewus daarvan dat die terugvaart aangepak is en op 10 November 1943 het 'n Britse torpedojaer en korvet, plus vier klein Suid-Afrikaanse vlootvaartuie (die duikbootjagvaartuie **HMSAS Pretoria** en **HMSAS Turffontein** en die mynveërs **HMSAS Brakpan** en **HMSAS Southern Barrier**) 'n patrollielinie suid van Kaap Agulhas ingeneem. Die Japannese duikboot het egter dié skepe ontwyk en veilig na Japan teruggekeer.⁵⁹ Ten slotte was daar **I-29** wat die Maleisiese eiland Penang aan die begin van November 1943 verlaat en op 27 November 'n Noorweegse olietenkskip sowat 650 km noordwes van die eiland Diégo Garcia in die Indiese Oseaan gesink het. 'n Vloottaakmag bestaande uit 'n torpedojaer en vier treilers van die RN, plus die Suid-Afrikaanse mynveërs **HMSAS Brakpan** en **HMSAS Southern Barrier**, het gepoog om die duikboot in Kaapse waters te onderskep, maar geen kontak is gemaak nie en **I-29** het Bordeaux in Duits-besette Frankryk veilig bereik. Dit is nie duidelik wat toe van die duikboot geword het nie.⁶⁰

⁵⁷ A Jackson, **Facts about Durban** (Durban, 2003), pp. 30-1; Turner *et al.*, pp. 136, 139-41 en uitvou-kaart aan einde van die boek; Martin en Orpen, pp. 178-80. Martin en Orpen gee 30 Mei i.p.v. 20 Mei aan as die eerste datum waarop 'n Japannese seevliegtuig waarskynlik oor Durban gevlieg het, maar 20 Mei is na alle waarskynlikheid die korrekte datum; en dié betrokke vliegtuig was van die duikboot **I-10** afkomstig. Kyk "Sensuikan! HIJMS Submarine I-10: tabular record of movement", <www.combinedfleet.com/I10htm>. Kyk ook A Jackson, "Fighters over Durban", <www.fad.co.za/Resources/aviation/RS/fighters.htm>.

⁵⁸ Turner *et al.*, p. 240; Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiediens (Pretoria), *Union war histories*, Vol. 340: HR Gordon-Cumming, *Long naval history*, bylae.

⁵⁹ A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), pp. 121, 123; Turner *et al.*, p. 241.

⁶⁰ Turner *et al.*, p. 241. Ten minste een ander Japannese duikboot het om die Kaap gevaar sonder dat die UVM daarvan bewus was. **I-52** het Kure in Maart 1944 verlaat, met 'n vrag wat onder meer rubber, tin, opium en twee metrieke ton goud ingesluit het - bestem vir die Japannese ambassade in Berlyn. Die duikboot het op 15 Mei om die Kaap gevaar, maar is op 24 Junie 1944 deur VSA-vliegtuie in die Atlantiese Oseaan gekelder. Die wrak is in 1995 ontdek en in 1998 grondig ondersoek, gefotografeer en 'n aantal items geberg, maar die goud lê steeds iewers in die duikboot op die seebodem. **National Geographic Magazine** 196(4), Oktober 1999, pp. 114-35.

4.3 Suid-Afrikaanse oorlogskepe in die Verre Ooste

Afgesien van 'n groot aantal Suid-Afrikaanse vlootvaartuie wat die Unie se gebiedswater gepatrolleer het, het talle vaartuie ook in die Middellandse See diens gedoen. Met die oorlog in Europa amptelik verby teen 8 Mei 1945, is besluit om eenhede van die Suid-Afrikaanse Vlootmagte (SAVM) asook eskaders van die SALM na die Ooste te stuur om teen Japan te veg.⁶¹ In die praktyk is slegs twee oorlogskepe gestuur voordat Japan finaal oorgegee het. Die sperboomvaartuig HMSAS **Barbrake** - in 1942 deur die RN in diens gestel en vanaf 1943 in diens van die SAVM - was die eerste Suid-Afrikaanse skip om na die RN se East India Station afgedeel te word, selfs nog voor die oorlog in Europa geëindig het. Die skip het op 3 Februarie 1945 vanuit Simonstad vertrek en via Durban, Beira, Diégo Suarez, die Seychelles en die Addu-ringeiland na Trincomalee in Ceylon gevaar (aankoms: 23 Maart). Die **Barbrake** het sperbomme langs die kus van Ceylon en in die Baai van Bengale gelê en gelig, 'n ondersese pyplyn by Chittagong (in die huidige Bangladesh) gelê en ook Madras (Indië), Colombo (Ceylon) en Akyalo (Burma) besoek. Te Rangoon, ook in Burma, is die skip se eerste luitenant (lt. J Liddle) in 'n ongeluk aan boord van die vaartuig gedood. Nadat onder meer bergingswerk te Rangoon gedoen is, het die **Barbrake** aan die begin van Desember 1945 die tog huiswaarts aangepak en op 12 Januarie 1946 te Simonstad aangekom. Die skip is in 1951 tot SAS **Fleur** herdoop en in 1965 as 'n teiken in Walvisbaai gekelder.⁶²

Teen 1945 was drie "Loch"-klas fregatte die grootste vaartuie in die SAVM en daar is besluit dat al drie teen Japan ingespan sou word. In die praktyk is egter slegs HMSAS **Natal** na die Ooste gestuur, maar ook eers op 20 Augustus 1945 (vanaf Durban), dit wil sê nadat Japan op 14 Augustus besluit het om onvoorwaardelik oor te gee. Die **Natal** het op 1 September - die dag net voordat Japan die formele oorgawe onderteken het - via Diégo Suarez te Colombo aangekom. Later dié maand het die skip 'n konvooi deur die Straat van Malakka na Port Swettenham op die Maleise Skiereiland geleide gedoen, en vervolgens 'n konvooi na Singapoer begelei. Die **Natal** het onder meer aan opruimingsoperasies in Burmese waters deelgeneem, en ook as wagskip by die eiland Pulau Weh, net noordwes van Sumatra, opgetree. Op 23 Oktober 1945 het die fregat die tog huiswaarts aangepak en via Singapoer, Colombo en Port Louis (Mauritius) na Durban gevaar (aankoms: 30 November 1945). In 1956-7 is die **Natal** in 'n hidrografiese opmetingskip omskep en in 1972 as 'n teiken naby Kaappunt gekelder.⁶³

⁶¹ Martin en Orpen, pp. 338-9.

⁶² Du Toit, pp. 140-4; "Degaussing, mine disposal ...", p. 50.

⁶³ Du Toit, pp. 158-66.; "SA forces in the Second World War", p. 46; *Naval Digest* 1, Junie 1999, pp. 18-21.

Afgesien van bogenoemde twee Suid-Afrikaanse oorlogskepe wat na die Verre Ooste gestuur is, is twee RN-skepe, wat teen die Japannese ingespan is, ook volledig deur Suid-Afrikaners beman. Die diepsee-bergingsvaartuig HMS **Salvestor** is in 1942 in diens gestel en vanaf 31 Augustus 1944 deur Suid-Afrikaners beman. Hy het op 21 April 1945 vanaf Durban vertrek en via Port Louis en Colombo na Trincomalee gevaar (12 Mei) en is toe na Australië, Nieu-Guinee en Hong Kong om onder meer bergingswerk te verrig. Die Suid-Afrikaanse bemanning is geleidelik met RN-personeel vervang en die Suid-Afrikaners het aan die begin van 1946 met 'n transportskip na die Unie teruggekeer. Die **Salvestor** is in 1970 as skroot afgetakel.⁶⁴

Die ander RN-skip wat deur Suid-Afrikaners beman is, was die "River"-klas fregat HMS **Teviot** wat in 1943 in diens gestel is en vanaf 10 Junie 1945 deur Suid-Afrikaners beman is. Op 19 Junie 1945 het die skip vanaf Durban vertrek en via Diégo Suarez na Colombo gevaar (2 Julie). Die skip se operasionele rol is beëindig toe, onderweg na Rangoon, per ongeluk teen die ongemerkte wrak van 'n Japannese kanonneerboot in die Irrawaddy-rivier vasgevaar is. Die omvangryke skade aan die romp is deels te Rangoon en toe volledig te Trincomalee herstel, maar teen dié tyd was die oorlog lankal reeds verby en het die skip na Durban teruggekeer (aankoms: 21 Desember 1945). Die **Teviot** is in 1955 as skroot afgetakel. Sy susterskip, HMS **Swale**, ook volledig deur Suid-Afrikaners beman, sou ook na die Verre Ooste gestuur word, maar die vroeër as verwagte beëindiging van die oorlog het beteken dat dit nie gebeur het nie.⁶⁵

Nie een van die vier skepe wat aan Suid-Afrika behoort en/of deur Suid-Afrikaners beman is, en na die Verre Ooste gestuur is, was fisies in aksie teen Japan nie en het dus ook geen gevegsongevalle gely nie, maar hul patrolleringswerk, bergingswerk en ander take, selfs ná die beëindiging van vyandelikhede, het nogtans 'n bydrae (hoe relatief klein ook al) tot die Geallieerde oorlogspoging gelewer. Wat van veel groter belang was, was die feit dat die Unie bereid was om van sy militêre personeel teen Japan in die veld te stoot en dat hierdie vlootpersoneel in staat was om oorlogskepe oor ver afstande in onbekende waters te ontplooi.

5. SLOTPERSPEKTIEWE

Op 6 Augustus 1945 is 'n atoombom die eerste keer in 'n oorlog operasioneel gebruik (teen die Japannese hawestad Hiroshima) en drie dae later nog een

⁶⁴ Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Dokumentasiediens (Pretoria), *Union war histories*, Vol. 340: HR Gordon-Cumming, *Long naval history*, hoofstuk 9, pp. 18-9.

⁶⁵ M Wright, "The happy but ill-fated cruise of HMS *Teviot*", *Vlootnuus* 12(6), Junie 1993, pp. 14-5 (ook gepubliseer in *Simon's Town Historical Society Bulletin* 17(4), Julie 1993, pp. 154-7); Du Toit, pp. 155-6.

(Nagasaki). Op 14 Augustus het Japan oorgegee. Toe die Japannese afvaardiging op 2 September 1945 amptelik die akte van oorgawe aan boord van die reuse Amerikaanse slagskip USS **Missouri** in Tokio-baai onderteken het, is Suid-Afrika aan boord van dié skip en by die plegtigheid verteenwoordig deur kdr. AP ("Paddy") Cartwright, die senior Suid-Afrikaanse offisier op die staf van adm. Chester Nimitz, die opperbevelvoerder van die VSA se Stille Oseaanvloot. (Tydens die ondertekeningseremonie het Cartwright onmiddellik agter die tafel gestaan waarop die ondertekening plaasgevind het.) 'n Aantal ander Suid-Afrikaners was aan boord van die groot armada oorlogskepe wat in Tokio-baai voor anker gelê het, insluitende kdr. CP Norton en bevare seeman Harold Bruce (slagskip HMS **Duke of York**), lt. RE Taylor (slagskip HMS **King George V**), o.-lt. CGG Goodwin en o.-lt. ESW Simpson (fregat HMS **Derg**).⁶⁶

Teen daardie tyd het 1 350 Suid-Afrikaanse vlootpersoneel, 5 411 soldate en 16 630 SALM-lede aangedui dat hulle bereid was om vrywillig teen Japan te gaan veg.⁶⁷ Van hulle was uiteindelik nie meer as 400 (as bemanningslede van vier oorlogskepe) direk "in aksie" teen Japan nie. Sover vasgestel kon word, is geen "nie-blanke" Suid-Afrikaners na die Verre Ooste nie. Die Unie-regering kon besluit het om nie aktief by die oorlog teen Nippon betrokke te raak nie, maar teen 1945 was Suid-Afrika so betrokke by die Geallieerde stryd teen die Spilmoondhede, dat dit baie moeilik en selfs onvanpas sou gewees het om nie tot aan die einde 'n bydrae te lewer nie.

In totaal het ten minste 334 324 Suid-Afrikaanse mans en dames van alle rasse as voltydse uniformpersoneel in die loop van die Tweede Wêreldoorlog in die UVM diens gedoen - sowel tuis as oorsee. Van hulle het 12 046 aan diens gesterf.⁶⁸ As persentasie maak die ongeveer 400 persone wat aan boord van oorlogskepe teen Japan diens gedoen het, slegs sowat 0,12% van die UVM-totaal uit; maar dan was daar natuurlik nog die meer as 2 000 Suid-Afrikaners wat as lede van die RN teen Japan geveg het, die duisende UVM-lede wat die Unie se kus- en hawefortifikasies beman het en aan boord van die klein vaartuie was wat die kuste gepatrolleer het, soos ook die vlieëniers wat kuspatrollies uitgevoer het - alles pogings om enige Japannese aggressie teen te staan. Die 75 Suid-Afrikaners wat in die stryd teen Japan dood is (67 as lede van die RN, sewe in Madagaskar en een aan boord van 'n Suid-Afrikaanse oorlogskip) verteenwoordig slegs 0,6% van die Unie se oorlogsterftes. Hierdie persentasies dui weer eens aan hoe gering die Unie se direkte bydrae (en verliese) was.

⁶⁶ Bisset, "SA and the war against Japan", p. 21; Harris, p. 306. Paddy Cartwright het later redakteur van die **Rand Daily Mail** in Johannesburg geword. **Naval Digest** 5, Junie 2001, p. 2.

⁶⁷ Martin en Orpen, p. 344.

⁶⁸ Dorning, p. 16; "SA forces in the Second World War", p. 47.

Hoewel die Unie se direkte betrokkenheid in die stryd teen Nippon weglaatbaar klein was, was die indirekte bydrae omvangryk en van besondere belang - veel groter as wat waarskynlik oor die algemeen besef word. In die moeilike weke en maande wat vir die Geallieerdes gevolg het ná die Japannese aanval op Pearl Harbor, het die UVM verseker dat die Kaapse seeroete, aangrensende toevoerlinies en die land se hawens vir Geallieerde gebruik behoue gebly het; daar is meegehelp om Madagaskar weer onder Geallieerde beheer te plaas, en die land het groot volumes voorrade (en met verloop van tyd ook krygstuig en ammunisie) vir die stryd teen Japan verskaf. Die oorlog in die Verre Ooste het geen impak op plaaslike politiek gehad nie, ook nie die lewe van Suid-Afrikaners dramaties beïnvloed nie, maar wel 'n bydrae gelewer tot die ekonomiese groei wat tydens die oorlogsjare ondervind is. Skepe is herstel en talle nuwe plaaslike verdedigingstellings is gebou en ander vergroot en/of opgeknop. Maar die land se vernaamste indirekte rol in die stryd teen Japan was daarin geleë dat die UVM 'n besondere bydrae gelewer het tot die verdrywing van die Spilmoondhede uit Noordoos- en Noord-Afrika, en tot die oorgawe van Italië (September 1943) en Duitsland (Mei 1945). Dáárdeur is verseker dat geleidelik meer en meer ander Geallieerde magte en middele beskikbaar geword het om teen Japan herontplooï te word.

Na verloop van presies 60 jaar was dit gepas dat die einde van die Tweede Wêreldoorlog op talle plekke en tydens 'n hele aantal geleenthede wêreldwyd herdenk is; ook om bestek op te neem van die mees ingrypende oorlog tot nog toe in die wêreld se geskiedenis. In die praktyk is meer klem geplaas op die einde van die oorlog in Europa, hoewel die gooi van atoombomme presies 60 jaar tevore ook aandag geniet het. In Brittanje is, in plaas van 'n groot herdenkingsgeleentheid in Mei 2005 om die einde van die stryd in Europa 60 jaar tevore te herdenk, en dan weer 'n geleentheid in Augustus/September 2005 om die oorwinning oor Japan te herdenk, besluit om ongeveer tussen dié twee datums, naamlik in die week van 4-10 Julie 2005, 'n omvangryke herdenkingsgeleentheid te hou, wat onder meer uitstallings in byvoorbeeld St. James's Park behels het. Hoewel die meeste van die funksies steeds plaasgevind het, insluitende die kerkdiens en parade op Sondag 10 Julie 2005, en die herdenkingsgeleentheid in die geheel gesien 'n sukses was, het die terreuraanslae van 7 Julie (drie bomontploffings op moltreine en een op 'n bus, wat in totaal 56 lewens geëis het, insluitende dié van vier selfmoordbomplanters)⁶⁹ tog 'n demper op die gebeure geplaas en was dit ironies dat terwyl vrede herdenk is, 'n

⁶⁹ Die outeur het 'n hele aantal van die uitstallings, ens. bygewoon en was ook in Londen toe die bomontploffings plaasgevind het. Kyk ook bv. **The Guardian**, 8 Julie 2005, pp. 1-14, 23-5; **Weekly Telegraph**, 13-9 Julie 2005, pp. 1-8; **International Express**, 12-8 Julie 2005, pp. 1-7, 10; **The Mercury**, 8 Julie 2005, pp. 1,4,10, 11 Julie 2005, p. 5, 15 Julie 2005, p. 11 en 18 Julie 2005, p. 5; **Daily News**, 7 Julie 2005, p. 1; **The Independent on Saturday**, 9 Julie 2005, p. 4; **Sunday Times**, 10 Julie 2005, pp. 4-5; **Volksblad**, 8 Julie 2005, pp. 1, 3, 8-9 en 9 Julie 2005, pp. 1, 5-6.

nuwe terreuroorlog tot in die hart van Londen gedring het. In Suid-Afrika het nóg die beëindiging van die oorlog teen Nazi-Duitsland nóg dié teen Japan veel publisiteit geniet, en was daar nog minder verwysings na die rol wat Suid-Afrika in die stryd teen Japan gespeel het.

In teenstelling met Suid-Afrika is Japan 60 jaar ná die Tweede Wêreldoorlog 'n volwaardige eerste wêreld-land. Na afloop van die oorlog het Japan letterlik en figuurlik uit die ruïnes opgestaan en danksy hulp van die kant van veral die VSA, plus 'n besondere werksetiek, gepaardgaande met pligsgetroue en harde werk, orde en dissipline, en goeie beplanning en bestuur, insluitende goeie staatsbestuur, ontwikkel tot sowel 'n streeksgrootmoondheid as 'n belangrike en gerespekteerde internasionale rolspeeler in die geglobaliseerde wêreld, 'n land wat op genuanseerde wyse gesag afdwing. Danksy die besef dat hulle tot en met die Tweede Wêreldoorlog 'n afwykende en destruktiewe pad bewandel het, het Japan ná die oorlog 'n Renaissance beleef wat die land enersyds radikaal verander en deel gemaak het van die demokratiese en kapitalistiese wêreld, en in vele opsigte ook Westers-geïntereerd; maar andersyds hul taal, kultuur en tradisies grootliks onaangeraak gelaat het.

Die Japannese het by hul voormalige opponente geleer, hul industrieë meer as ooit tevore ontwikkel en realistiese vennootskappe aangegaan. Japan het Westerse tegnologie by hul behoeftes aangepas en verder verfyn en voer dié tegnologie vandag selfs op groot skaal uit, ook na die Weste. Die land is 'n lid van die G8 en stut hul (Japan se) ekonomiese posisie met 'n baie sterk weermag.⁷⁰ Indien kern-duikbote en vliegdekskepe buite rekening gelaat word (vaartuie waarvoor Japan nie tans beskik nie, maar wat hulle in die praktyk wel kan bou), is die Japannese vloot 60 jaar na afloop van die Tweede Wêreldoorlog sterker as die vlote van Brittanje en Frankryk - die groot koloniale moondhede van 60 jaar gelede. Naas dié ironie, is die ander ironie dat hoewel die Japannese vlootvaartuie oor die algemeen (soos voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog) steeds unieke kenmerke toon, hulle ná die oorlog in 'n groot mate van VSA-wapenstelsels en dies meer gebruik maak.

Suid-Afrika het meegehelp om die Spilmoondhede te verslaan, maar het kort daarna in sy eie ideologiese slagyster getrap wat daartoe gelei het dat die land vir meer as 40 jaar die muishond van die internasionale gemeenskap was en internasionaal geïsoleerd geraak het, totdat die dramatiese politieke omwenteling van 1990-4 die land op 'n nuwe koers geplaas het - waar betrekkings met ander lande, insluitende met Japan, genormaliseer is. Hoewel Suid-Afrika die meeste ander

⁷⁰ Wat die Japannese weermag betref, kyk **The military balance 2004-2005** (Londen, 2004), pp. 393-415, en wat hul vloot in besonder betref, kyk S Saunders (red.), **Jane's fighting ships 2005-2006** (Coulsdon, 2005), pp. 393-415.

Afrikastate ver voor is wat ontwikkeling betref, worstel die land steeds met ernstige sosio-ekonomiese vraagstukke, insluitende armoede, misdaad en MIV/VIGS en is die uitvoering van die owerheidstaak ("governance") ook nie oral na wense nie. Soos ander Afrikastate, is ook Suid-Afrika relatief gesproke hulpbehoewend en benodig die land (ook as pasaangeër wat betref die Afrika-Renaissance) self ook nog 'n Renaissance op vele vlakke en terreine. Met min grond en weinig minerale hulpbronne het Japan gegroei tot 'n wêreldrospeler; in Suid-Afrika is grond helaas steeds 'n kwessie wat, indien dit nie met groot omsigtigheid hanteer word nie, in die toekoms tot vele probleme aanleiding kan gee.

Hoewel Japan ekonomies, militêr en andersins in 'n veel beter posisie as Suid-Afrika is om menings in die internasionale arena te vorm of te verander, beywer beide lande hul aktief vir wêreldvrede, is hulle betrokke by humanitêre en ander noodlenigingsaksies en probeer hulle om oplossings te vind vir knelpunte wat die wêreld teister - 60 jaar na afloop van 'n bloedige oorlog waarin Japan op dramatiese wyse die onderspit gedelf het en Suid-Afrika, veral indirek, 'n rol in dié verband gespeel het.